EKURHULENI NOORD DISTRIK

BESIGHEIDSTUDIES

GRAAD 11

JUNIE EKSAMEN 2018

VRAESTEL

PUNTE: 300

TYD : 3 Ure

Die vreastel betsaan uit 12 bladsye insluitend die voorblad

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek inhoud van kwartaal een en twee soos per die Jaarlikse Onderrigplan.
   AFDELING A: VERPLIGTEND – Antwoord alle vrae
   AFDELING B: Bestaan uit **VYF** vrae, beantwoord net **DRIE.**
   AFDELING C: Bestaan uit **VIER** vrae, beantwoord slegs **TWEE.**
2. Lees die instruksies vir elke vraag sorgvuldig deur en beantwoord slegs wat vereis word.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel verskyn. Geen punte sal toegeken word as verkeerde nommering gebruik word nie.
4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne geskryf word.
5. Gebruik die puntetoekenning en die aard van elke vraag om die lengte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte en tydtoekenning wanneer elke vraag beantwoord word.

AFDELINGS	**VRAE**	**PUNTE**	**TYD**
A: Meervoudige keusevrae, **VERPLIGTEND**	1	40	30 Min
B: **VYF** vrae: Breantwoord slegs **DRIE**	2	60	30 Min
	3	60	30 Min
	4	60	30 Min
	5	60	30 Min
	6	60	30 Min
C: Opstelvrae: Beantwoord slegs **TWEE** van die **VIER** vrae	7	40	30 Min
	8	40	30 Min
	9	40	30 Min
	10	40	30 Min
TOTAAL		**300**	**180 Min**

7. Begin die antwoord van ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
8 Jy mag ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
9 Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: VRAAG 1

1.1 Vier moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.10) op jou antwoordblad.

1.1.1 Watter een van die volgende is nie ‘n sosiale-ekonomiese kwessie nie?

A Armoede
B MIV/VIGS
C Moeilike werknemers
D Misdaad

1.1.2 Watter een van die volgende vorm deel van die makro-omgewing?

A Mededingers
B Missie
C Tussengangers
D Tegnologies

1.1.3.....behels 'n groep mense wat inligting vrywillig uitruil?

A Invloedwerwing
B Netwerking
C Alliansies
D Bemagtiging

1.1.4 Die missiestelling en organisatoriese doelwitte is elemente waaroor die besigheid .....beheer kan uitoefen.

A beperkte
B volle
C geen
D in ‘n mate

1.1.5 Wanneer hulpbronne van een area na 'n ander verskuif word om koste te verlaag, staan dit bekend as .....?

A hulpbronontplooiing
B hulpbrontoekenning
C hulpbron voorraadbeheer
D hulpbronverkryging

1.1.6 Watter een is nie ‘n faktor van plaaslike en internasionale markte nie?

A Kulturele verskille
B Politiese verskille
C Ekonomiese verskille
D Internet verskille

1.1.7 Watter een van die volgende kan uitgekontrakteer word?

A ‘n fabriek
B ‘n franchise
C aflewering van voorraad
D ‘n banklening

1.1.8 Watter parastataal het 'n alliansie met ander soortgelyke maatskappye gevorm?

A Eskom
B SAA
C Denel
D Telkom

1.1.9 Watter Wet is bekendgestel aan Suid-Afrika om ekonomiese ontwikkeling, sosiale geregtigheid, arbeidsvrede en demokratisering in die werkplek te bevorder?

A Wet op Arbeidsverhoudinge
B BBSEB Wet
C Wet op Indiensnemingsgelykheid
B Wet op Basiese indiensneming

1.1.10 Watter vorm van eienaarskap moet ‘n memorandum van inkorporasie indien?

A Publieke Maatskappy
B Private Maatskappy
C Persoonlike aanspreeklikheid
D Al die bogenoemde

(10 x 2) (20)

1.2 In elk van die volgende, kies die korrekte konsep in Kolom B wat ooreenstem met die informasie in Kolom A.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Die proses sluit aktiwiteite in soos bemarking, aankope en administrasie	**A**	Tersiêre
1.2.2	Hierdie sektor bring goedere en dienste binne maklike bereik van die verbruiker	**B**	Roof
1.2.3	Die ongemagtige kopiëring van oorspronklike musiek en films sonder die toestemming van die regmatige eienaar	**C**	Huur
1.24.	'n Besigheidsooreenkoms wat die gebruik van 'n bate vir 'n spesifieke tydperk teen 'n spesifieke koste toelaat	**D**	Vervals
1.2.5	Die uitgee van spesifieke take aan ander besighede om dit namens jou uit te voer	**E**	Besigheidsfunksies
		F	Uitkontrakteer

(5 x 2) (10)

1.3 Gee die korrekte term vir elk van die volgende. Skryf slegs die term langs die korrekte nommer neer.

1.3.1 Die studie van ouderdom, geslag, familiegrootte en verskillende inkomstevlakke van 'n populasie.

1.3.2 Dié regsdokument voorkom aksies (soos 'n staking) om plaas te vind

1.3.3 Die omgewing staan ook bekend as die wyer eksterne omgewing.

1.3.4 Die stand van 'n besigheid wanneer die totale waarde van die bates meer is as die totale waarde van die laste.

1.3.5 Dié situasie kom voor wanneer 'n organisasie of 'n individu probeer om staatswette te beïnvloed.

(5x2) (10)

TOTAAL AFDELING A [40]

AFDELING B

Beantwoord DRIE vrae van die vyf vrae in Afdeling B.
Die antwoorde van elke vraag moet op 'n nuwe bladsy begin.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWING

2.1 Verduidelik hoe besighede die volgende maniere gebruik om aan te pas by die uitdagings van die mark.

2.1.1 Bedinging
2.1.2 Netwerking
2.1.3 Magsverhoudinge

(12)

2.2 Verduidelik VIER ander maniere waarop besighede kan aanpas by die uitdagings van die besigheidsomgewing.

(12)

2.3 Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

ANDREA SPYSENIERINGSDIENSTE (ASD)

Andrea Spysenieringsdienste spesialiseer in spysenierings en verskaf koue drankies aan verskeie regeringsdepartemente. ASD het nie tenders van die regering ontvang nie. Die bestuur van die ASD het besluit om navorsing te doen oor die rede waarom daar nie meer tenders gekry word nie. Hulle ontleed die inligting en identifiseer al die betrokke belanghebbendes sodat hulle die standpunte van elke belanghebbende kan kry. ASD het ook besluit om ondernemingsprogramme aan te bied ten einde die werkloosheidskoerse in die gemeenskap te verminder.

2.3.1 Identifiseer DRIE maniere waarop ASD aangepas is vir uitdagings van die makro- omgewing. Motiveer jou antwoord deur gebruik te maak van die gevallestudie.

Gebruik die volgende tabel om die vraag te beantwoord.

MANIERE WAAROP ASD AANGEPAS HET BY DIE UITDAGINGS VAN DIE MAKRO-OMGEWING	MOTIVERING UIT GEVALLESTUDIE

(9)

2.3.2 Bespreek DRIE tipes lobbying/ invloedwerwing wat deur ADS gebruik kan word om besluite deur die regering te beïnvloed. (9)

2.3.3 Stel maniere voor waarop ADS 'n direkte invloed op die omgewing Kan hê. (8)

2.4 Stel een strategie voor wat besighede kan gebruik om elkeen van die volgende sosio-ekonomiese kwessies te hanteer:

(a) Ongeletterdheid
(b) Storting van vullis
(c) Ondoeltreffende gebruik van hulpbronne. (6)

2.5 Verduidelik TWEE tipes etiese wangedrag. (4)

(60)

VRAAG 3: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

3.1 Lees die volgende stelling noukerig deur en beantwoord die vrae wat volg:

Pad na sukses: Hoekom is 'n goeie sakeplan onontbeerlik?

3.1.1 Bespreek die belangrikheid van ‘n besigheidsplan om die sukses van ‘n besigheid te bepaal. (6)

3.1.2 Verduidelik DRIE beplanningsinstrumente wat benodig word om 'n besigheid in 'n aksieplan te omskep. (12)

3.2 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

Koos is genooi om binne 'n maand 'n aanbieding aan 'n groep bestuurders te lewer. Hy het jou gevra om hom te help met die voorbereiding van die aanbieding en ook hoe hy op vrae moet reageer.

3.2.1 Beveel maniere aan waarop Koos op 'n nie-aggressiewe en professionele wyse op vrae kan reageer. (10)

3.2.2 Noem enige ander visuele hulpmiddels wat gebruik kan word gedurende ‘n aanbieding? (2)

3.3 Entrepreneurs wat nie die kapitaal het om hul eie besighede te begin nie, het verskillende opsies om kapitaal te verkry.

3.3.1 Noem vier maniere om kapitaal te verkry. (4)

3.4 Bespreek die aspekte wat in ‘n huurooreenkoms moet verskyn. (6)

3.5. Verduidelik die voordele van ‘n huurooreenkoms. (6)

3.6 Verduidelik die verskil tussen 'n tydlyn en 'n Gantt-grafiek. (4)

3.7 Tabuleer die verskille tussen vennootskappe en beslote korporasies onder die volgende subopskrifte:

3.7.1 Regsvorming
3.7.2 Aanspreeklikheid
3.7.3 Regspersoonlikheid
3.7.4 Kontinuïteit
3.7.5 Bronne van kapitaal

(5x2) (10)

(60)

VRAAG 4: BESIGHEIDSROL

4.1 Defineer die volgende terme:

4.1.1 Kragveldanalise (2)
4.1.2 Visgraadanalise (2)

4.2 Beskryf enige VYF voordele van kreatiewe denke binne besighede. (10)

4.3 Lees die onderstaande paragraaf en beantwoord die vrae wat volg:

‘n Restaurant het uitstekende winste getoon gedurende die eerste twee jaar van bedrywighede. In die derde jaar was daar 'n verandering in bestuur. Die bestuurders vra kliënte om 'n terugvoervorm in te vul. Die terugvoer onthul verskeie probleme wat restaurantkliënte ervaar. Items is dikwels uit voorraad, wat lei tot swak diens en swak gehalte kos. Daar is 'n hoë omset van personeel en die winste val.

4.3.1 Wat is ‘n aksieplan? (2)
4.3.2 Die restaurant moes die bestuur in die derde jaar verander. Wat sou hierdie probleem veroorsaak het? Omskryf enige DRIE oorsake. (6)
4.3.3 Items is dikwels uit voorraad in die restaurant. Bespreek enige DRIE moontlike oorsake van hierdie probleem. (6)
4.3.4 Noem enige DRIE uitdagings wat die restaurant ervaar, wat nie in vraag 4.3.2 en 4.3.3 genoem is nie. (6)

4.3.5 Ontwikkel ‘n aksie plan met moontlike stappe wat gevolg kan word ten einde die probleme in die bogenoemde gevallestudie op te los. Maak van die onderstaande tabel gebruik om die aksieplan te ontwikkel.

Identifiseer Probleme	**Moontlike oplossings**	**Verandwoordelike persoon**	**Tydraam**

(26)

[60]

VRAAG 5 BESIGHEIDSROL

5.1

Mpumi is 'n senior bestuurder by 'n ontwerpfirma. Sy ervaar hoë stresvlakke en voel dat sy nie so produktief is nie. Sy het 'n vriend genader vir raad oor stres en krisisbestuur.

5.1.1 Defineer die term stres. (2)

5.1.2 Navorsing het bewys dat stres soms goed of sleg kan wees. Brei uit op die stelling. (4)

5.1.3 Bespreek SES strategieë elk wat geïmplementeer kan word om stres wat by die werk ervaar word te bestuur. Noem 6 strategieë vir werkgebaseerde stres en 6 strategieë vir persoonlike stres. (24)

5.1.4 Gee VIER voorbeelde van besigheidsverwante krisisse en hoe dit hanteer kan word. (14)

5.1.5 Noem een teorie oor die bestuur van verandering. (2)

5.1.6 Noem en verduidelik die SEWE stadiums van aanpassing tot verandering. (14)

[60]

VRAAG 6: DIVERSE/ALLERLEI ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWING

Lees die volgende gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

6.1

Suid-Afrika se grootste kitskos restaurant, JJ Brands, sal 'n 51% aandeel in die onlangse bekendgestelde plaaslike firma Braai Mexican Grill, inneem.

6.1.1 Omskryf DRIE voordele van oorname (take-over) / verkryging (acquisition) **(6)**

6.2 Onderskei tussen network en verwingswerk. **(8)**

BESIGHEIDSGELEENTHEDE

6.3 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Besighede kommunikeer daagliks met verskeie belanghebbendes. Kommunikasie kan mondeling of nie-verbaal wees. Doeltreffende aanbieding van besigheidsinligting is een van die sleutelelemente in die kommunikasieproses.

6.3.1 Noem DRIE visuele hulpmiddels wat tydens 'n aanbieding gebruik Kan word. (3)

6.3.2 Verduidelik die verskil tussen mondelinge en nie-verbale kommunikasie. (4)

6.4 Noem die SEWE stappe in die skryf van ‘n verslag. (7)

BESIGHEIDSROLLE

6.5 Identifiseer elk van die volgende stellings hieronder as onprofessioneel of oneties.

6.5.1 Die finansiële bestuurder se persoonlike assistent vertel sy kollegas en Vriende hoeveel sy bestuurder in bonusse ontvang.

6.5.2 Die departement van menslike hulpbronne laat kandidate nie weet dat hul aansoek onsuksesvol was nie.

6.5.3 'n Polisiebeampte het omkoopgeld aanvaar om 'n oortreder te laat gaan.

(3X2) (6)

6.6 Bespreek DRIE beginsels van professionalisme. (9)

6.7 Bespreek DRIE hoofredes waarom 'n klein onderneming finansiering benodig. (9)

6.8 Evalueer handelskrediet as 'n bron van skuldkapitaal. (8)

[60]

AFDELING C

BEANTWOORD ENIGE TWEE opstelvrae in die afdeling.

NOTA: Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat beantwoord word duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n nuwe bladsy begin, byvoorbeeld VRAAG 7 op 'n nuwe bladsy, VRAAG 8 op 'n nuwe bladsy, ensovoorts.

VRAAG 7: BESIGHEIDSOMGEWING

Besighede verloor verkope en wins op roofkopiëring (piracy). Mense beskou nie roofkopiëring as 'n kriminele oortreding nie. Baie besighede het gesluit weens roofkopiëring. Die regering het oplossings verskaf om roofkopiëring te hanteer. Besighede wat deur roofkopiëring geraak is, is altyd in konflik met vakbonde, aangesien hulle voel dat hul lede nie afgedank moet word weens winsverlies as gevolg van roofkopiëring nie.

Skryf ‘n opstel om die volgende aspekte te bespreek:

- Brei uit op die betekenis van roofkopiëring.
- Bespreek die impak van roofkopiëring op besighede
- Verduidelik DRIE oplossings om roofkopiëring te hanteer in enige besigheid.
- Regverdig die stigting van vakbonde.

(40)

VRAAG 8: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

Cathy is nie seker of 'n besigheid deur middel van franchise of uitkontraktering verkry moet word nie, aangesien sy besluit het om nie van nuuts af ‘n besigheid te begin nie.

- Verduidelik die terme franchising en uitkontraktering.
- Bespreek die voordele en nadele van franchising en uitkontraktering.
- Noem TWEE kontraktuele verpligtinge van franchising.

(40)

VRAAG 9: BESIGHEIDSROLLE

Mense sê die enigste ding wat jy kan weet is dat alles sal verander. In al die sake-omgewings is daar altyd verandering en die besigheid en werkers moet daarby aanpas.

Bespreek hoe die besigheidsfunksies die volgende aspekte kan hanteer:

- Aflegging
- Globalisering
- Regstellende aksie
- Daar is verskillende teorieë om verandering te bestuur. John Kotter het agt stappe geïdentifiseer oor hoe om verandering in 'n besigheid te hanteer. Bespreek die stappe wat hy geïdentifiseer het.
- Bespreek ook watter reaksie 'n bestuurder kan verwag van die werkers wanneer dinge verander en hoe die situasie hanteer moet word.

(40)

VRAAG 10: BESIGHEIDSGELEENTHEDE

John en sy groep moet hul besigheidsplan voorberei en aan Siya voorlê vir die markdag wat in September deur Start Up & Go georganiseer is.

Adviseer John en sy groep oor hul voorlegging van die sakeplan sodat dit van hoë gehalte is en uiters suksesvol kan wees in die bereiking van hul doelwitte.
Sluit die volgende aspekte in jou antwoord in:

- Hoe John en sy groep moet voorberei vir die aanbieding.
- Evalueer enige VIER metodes wat hulle mag gebruik om die inligting aan te bied.
- Stel 'n manier voor om terugvoer op ‘n professionele wyse te hanteer.
- Beveel moontlike fokusareas aan wat die kwaliteit van hul aanbieding sal verbeter.

(40)

TOTAAL AFDELING C = 80

GROOT TOTAL = 300